Suid-Afrika se mees suksesvolle hooisnyers vir meer as 20 jaar

PROMOSIE ARTIKEL, FALCON EQUIPMENT

Die ernstige droogte en vernietigende brande in baie dele van die land het tot 'n nypende voertekort gelei. Dit beteken dat elke geleentheid in die komende seisoen aangegryp moet word om soveel hooi as moontlik te produseer. Dit sal die sny van grasweidings en ruwe veld behels, wat nie maklik met konvensionele skyf-en-dromsnyers gedoen kan word nie. Die Falcon-wentelsnyer het gevestig geraak as verreweg die beste masjien op die mark, en danksy sy eksklusiewe ontwerpseienskappe is die Haymaker® die standaard vir gespesialiseerde wentelsnyers vir hooimaak.

Die Falcon Haymaker® is reeds langer as twintig jaar die gewildste en suksesvolste hooisnymasjien op die Suid-Afrikaanse mark. Daar moet 'n goeie rede hiervoor wees – en daar is trouens heelwat:

- Die Falcon Haymaker® het die reputasie dat dit 'n eenvoudige maar effektiewe hooisnymasjien is, wat weerspieël word in die feit dat meer as 7 500 eenhede reeds landwyd verkoop is.
- Die eksklusiewe ontwerp, met 'n lang-as-ratkas en hoë vryhoogte, beteken dat die Haymaker® die langste gras kan sny sonder om dubbel te sny of te mulch.
- Nog 'n ontwerpseienskap is die windrytonnel, waardeur die oes weg van die snysels geplaas word, wat weer eens beteken dat dubbelsny uitgeskakel en 'n windry geskep word terwyl daar ook beduidend minder krag vereis word.
- Die Falcon-ratkas, wat volledig by die Falcon-fabriek vervaardig word, het hom as die duursaamste, mees onderhoudsvrye ratkas op enige wentelsnyer bewys.
- 'n Falcon Haymaker® verg slegs minimale instandhouding om hom in top-werkverrigtingstoestand te hou. As die boute styf, die lemme skerp en die ratkas tot die korrekte olie vlak, en die wringkragbeperkende glykoppelaar behoorlik werk, kan jy die masjien die veld in stuur met die volle vertroue dat dit nie sal terugkeer huis toe totdat die werk klaar is nie.
- Omdat Falcon-masjiene volledig by die Falcon-fabriek in Howick vervaardig word, is hulle nie onderhewig aan skommelende wisselkoerse wat ingevoerde masjiene so duur kan maak nie. Dit beteken ook dat enige onderdele wat vereis word (gewoonlik net lemme en glystukke) geredelik beskikbaar is teen 'n redelike prys.

Falcon kan 'n verskeidenheid hooisnymasjiene verskaf om alle

Die F750 Uniloader kan ronde sowel as vierkantige bale laai en stapel.

trekkergroottes te pas, met snywydtes van 1,2 m tot 3,5 m. Die maatskappy maak ook 'n reeks ekonomiese baalhanterings-toerusting wat wissel van 'n eenvoudige driepuntgemonteerde baalvurk tot die nuwe F750 Uniloader™. Die hoogs doeltreffende F750 Uniloader™ kan sowel ronde as vierkantige bale laai en stapel, het 'n vermoë van 750 kg, en kan tot 'n hoogte van 3,4 m laai, na gelang van die grootte van die trekker waarop dit gemonteer is. Die unieke ontwerp maak dit ook moontlik vir die F750 Uniloader™ om bale in die veld te vervoer. Die mas word eenvoudig laat sak om op die steunarms te rus, en die trekker-koppelmeganisme lig dan die F750 Uniloader™ sodat die bale van die grond af gelig word.

Sny hooi, maak hooi, verskuif hooi en slaan maksimum munt uit die geleentheid om hierdie seisoen ekstra winste te realiseer.

Vir meer besonderhede kan u Falcon skakel by Telnr. 033 330 4764 of besoek die webwerf by www.falconequipment.co.za

F80/180EV Haymaker, Suid-Afrika se gewildste implement.

FALCON
werk vir jou!